

# Die Evangelie

# volgens Markus

## Hoofstuk 6

**Jesus word in Nasaret verwerp**
**(Matt. 13:53-58; 9:35; Luk. 4:16-30)**

1Jesus het daarvandaan weggegaan. Hy het in die dorp gekom waar Hy
grootgeword het, en sy dissipels was saam met Hom. 2En toe die sabbatdag
aanbreek, het Hy die mense in die sinagoge begin leer. Baie het na Hom geluister
en is deur sy woorde aangegryp. Hulle het vir mekaar gesê: “Waar kom hy aan al
hierdie dinge, en watter besondere gawe van wysheid het hy dat daar sulke kragtige
dade deur sy hande plaasvind? 3Is hy dan nie 'n timmerman, 'n seun van Maria en
die broer van Jakobus, Joses, Judas en Simon nie? En is dit dan nie sy susters wat
hier by ons woon nie?”
Die mense wou niks van Hom weet nie.
4Jesus sê toe vir hulle: “'n Profeet word oral erken behalwe in die plek waar hy
grootgeword het, en in sy familiekring en sy gesin.”
5Hy kon daar geen enkele wonderwerk doen nie, behalwe dat Hy sy hande op 'n
paar siekes gelê en hulle gesond gemaak het. 6Hy was verbaas oor die ongeloof van
die mense.
Daarna het Hy by die dorpies in die omtrek rondgegaan en die mense daar geleer.

**Jesus stuur die twaalf uit**
**(Matt. 10:1,5-15; Luk. 9:1-6)**

7Jesus het die twaalf nader geroep en hulle twee-twee begin uitstuur. Hy het aan
hulle mag oor onrein geeste gegee. 8Verder het Hy hulle bevel gegee om niks vir die
pad saam te vat nie, net 'n kierie – geen kos, geen reissak, geen geld in die beursie
nie. 9Hulle moes wel skoene aantrek maar nie nog 'n kledingstuk saamvat nie.

[10]Daarby het Hy vir hulle gesê: “Waar julle in 'n plek kom en in 'n huis ontvang word,
bly daar totdat julle van die plek af weggaan. [11]En as 'n plek julle nie wil ontvang en
die mense nie na julle luister nie, gaan dan daarvandaan weg en skud selfs die stof
onderaan julle voete af as aanklag teen hulle.”
[12]Hulle het toe gaan verkondig dat die mense hulle moet bekeer. [13]Daarby het hulle
baie bose geeste uitgedrywe en baie siekes met olie gesalf en gesond gemaak.

**Verskillende menings oor Jesus**
**(Matt. 14:1-2; Luk. 9:7-9)**

[14]Koning Herodes het van Jesus gehoor, want sy Naam het bekend geraak. Party
mense het gesê: “Johannes die Doper is uit die dood opgewek. Daarom werk die
kragte in hom.”
[15]En party het gesê: “Dit is Elia.”
Ander het gesê: “Hy is 'n profeet soos een van die ou profete.”
[16]Toe Herodes dit dan hoor, het hy gesê: “Die Johannes wat ek onthoof het, is uit die
dood opgewek.”

**Die dood van Johannes die Doper**
**(Matt. 14:3-12; Luk. 3:19-20)**

[17]Vroeër het Herodes self gestuur en Johannes laat vang. Hy het hom in die tronk
opgesluit op aandrang van Herodias die vrou van sy broer Filippus. Herodes het met
haar getrou, [18]en Johannes het vir hom gesê: “U mag nie u broer se vrou vat nie.”
[19]Herodias het daarna 'n wrok teen hom gekoester en wou hom laat doodmaak,
maar sy kon nie, [20]want Herodes was bang vir Johannes omdat hy besef het dat hy
'n opregte en godvresende man is. Hy het vir Johannes onder sy beskerming
geneem en elke keer wanneer hy hom aangehoor het, het hy in 'n ernstige tweestryd
geraak. Tog het hy graag na hom geluister.
[21]Op 'n dag het Herodias 'n goeie kans gekry. Toe Herodes op sy verjaarsdag vir sy
hoofamptenare en die opperbevelhebbers en die hoëlui van Galilea 'n feesmaal
gegee het, [22]het die dogter van Herodias daar ingekom en vir hulle gedans. Dit het
groot byval by Herodes en sy gaste gevind. Die koning het toe vir die meisie gesê:
“Vra my net wat jy wil hê, en ek sal dit vir jou gee.”
[23]Daarby het hy dit herhaaldelik met 'n eed vir haar bevestig: “Net wat jy my vra, sal
ek vir jou gee, tot selfs die helfte van my koninkryk.”

24Sy het toe uitgegaan en vir haar ma gesê: “Wat moet ek vra?”
Dié het gesê: “Die kop van Johannes die Doper.”
25Sy het haastig reguit na die koning toe geloop en vir hom gevra: “Ek wil hê u moet
vir my dadelik in 'n skottel die kop gee van Johannes die Doper.”
26Die koning was baie verslae, maar omdat hy dit voor die gaste met 'n eed belowe
het, wou hy haar dit nie weier nie. 27Hy het dadelik iemand van sy lyfwag opdrag
gegee en hom gestuur om Johannes se kop te gaan haal. Hy het hom in die tronk
gaan onthoof, 28sy kop in 'n skottel gebring en dit vir die meisie gegee, en die meisie
het dit vir haar ma gegee.
29Toe Johannes se volgelinge daarvan hoor, het hulle gekom en sy lyk weggeneem
en begrawe.

**Die twaalf apostels kom terug**

**(Matt. 14:13-14; Luk. 9:10-11; Joh. 6:1-4)**

30Die apostels het na Jesus toe teruggekom en vir Hom alles vertel wat hulle gedoen
en wat hulle die mense geleer het. 31Daar was baie mense wat gedurig gekom en
gegaan het, sodat Jesus en sy dissipels selfs nie kans gehad het om iets te eet nie.
Hy sê toe vir hulle: “Kom julle alleen saam na 'n stil plek toe en rus 'n bietjie.”
32Hulle het met 'n skuit na 'n stil plek toe vertrek waar hulle alleen kon wees. 33Baie
mense het hulle egter gesien en agtergekom waarheen hulle gaan. Hulle het vinnig
van al die dorpe af te voet daarheen gegaan en nog voor Jesus en sy dissipels daar
aangekom. 34Toe Jesus uit die skuit klim, het Hy 'n groot menigte mense daar gesien
en Hy het hulle innig jammer gekry, want hulle was soos skape wat nie 'n wagter het
nie. Hy het hulle toe baie uitvoerig begin leer.

**Die eerste vermeerdering van die brood**

**(Matt. 14:15-21; Luk. 9:12-17; Joh. 6:5-14)**

35Toe dit al baie laat was, het Jesus se dissipels vir Hom kom sê: “Dit is 'n afgeleë
plek hierdie en dit is al baie laat. 36Stuur die mense terug sodat hulle op die plase in
die omtrek en in die dorpies vir hulle iets te ete kan koop.”
37Maar Hy sê vir hulle: “Gee julle vir hulle iets om te eet.”
Hulle antwoord Hom: “Moet ons met twee honderd mense se dagloon brood gaan
koop om vir hulle iets te ete te gee?”
38Hy vra vir hulle: “Hoeveel brood het julle? Gaan kyk.”

Nadat hulle gaan kyk het, sê hulle: “Vyf, en twee visse.”
[39]Hy het hulle opdrag gegee om al die mense klompies-klompies op die groen gras
te laat sit om te eet. [40]Die mense het in groepe van honderd en in groepe van vyftig
gaan sit. [41]Toe het Hy die vyf brode en die twee visse geneem, na die hemel
opgekyk en die seën gevra. Daarna het Hy die brood gebreek en dit vir sy dissipels
gegee om aan die mense voor te sit. Hy het ook die twee visse onder hulle almal
verdeel. [42]Al die mense het geëet en genoeg gekry. [43]Hulle het nog twaalf mandjies
vol bymekaargemaak van die stukke brood en die vis. [44]Van dié wat van die brood
geëet het, was net die mans vyf duisend.

**Jesus loop op die see**
**(Matt. 14:22-33; Joh. 6:15-21)**

[45]Net daarna het Jesus sy dissipels aangesê om in die skuit te klim en solank vooruit
te gaan na die oorkant, na Betsaida toe, terwyl Hy nog eers die mense huis toe
stuur. [46]Nadat Hy hulle laat gaan het, het Hy die berg op gegaan om te bid.
[47]Toe dit aand word, was die skuit al ver weg die see in en Jesus alleen op die
strand. [48]Hy het gesien hulle roei swaar, want die wind was teen hulle. Teen
dagbreek die volgende môre het Hy op die see na hulle toe aangeloop gekom, en Hy
wou langs hulle verbygaan. [49]Toe hulle Hom op die see sien loop, het hulle gedink
dit is 'n spook. Hulle het hard geskreeu, [50]want hulle het Hom almal gesien en groot
geskrik. Maar Hy het dadelik met hulle gepraat en vir hulle gesê: “Wees gerus, dit is
Ek. Moenie bang wees nie.”
[51]Hy het toe by hulle in die skuit geklim, en die wind het gaan lê. Hulle was heeltemal
uit die veld geslaan, [52]want hulle het nie werklik verstaan wat die vermeerdering van
die brood beteken nie; hulle kon dit nog nie begryp nie.

**Jesus genees mense in die landstreek Gennesaret**
**(Matt. 14:34-36)**

[53]Hulle het toe land toe gevaar en by Gennesaret aan wal gegaan. [54]Toe hulle uit die
skuit klim, het die mense Hom dadelik herken [55]en in daardie hele landstreek
rondgegaan en dié wat ongesteld was, op draagbare begin aandra na waar hulle
gehoor het dat Hy is. [56]Waar Hy ook al in dorpe of stede of op plase gekom het, het
die mense die siekes op die bymekaarkomplekke neergesit en Hom gevra dat die

siekes tog maar net aan die soom van sy klere mag raak; en almal wat aan Hom geraak het, het gesond geword.

## Kommentaar volgens Bybel in Praktyk

### 6:2-3

Jesus word in Nasaret verwerp. Die mense in die sinagoge was verwonderd oor die wyse waarop Jesus die Skrif uitgelê het, omdat Hy geen opleiding as rabbi gehad het nie. Hulle het gewonder of Jesus dan 'n besondere wysheid van God af ontvang het. Jesus was 'n ambagsman wat met hout en gereedskap gewerk het.

### 6:4

Jesus het gesê dat 'n profeet, dit wil sê iemand wat God se wil bekend maak, nooit in sy eie omgewing erkenning geniet nie. Dit doen egter nie afbreuk aan sy werk nie. 'n Mens kan bruikbaar wees vir God. selfs al word jy nie deur jou eie mense geëer of gerespekteer nie. Jesus bedoel ook dat die Jode Hom gaan verwerp maar dat vreemde mense Hom gaan aanvaar. Sy eie mense het Hom verwerp.

### 6:5

Jesus kon groter wonderwerke in Nasaret gedoen het, maar Hy het nie, omdat die dorp se mense ongelowig en hoogmoedig was. Die mense het hulle nie veel gesteur aan die wonderwerke wat Hy wél gedoen het nie, want hulle wou nie sy boodskap aanvaar en glo dat Hy van God kom nie. Daarom het Hy weg gegaan en gaan soek na mense wat wél bereid was om op sy boodskap en wonderwerke deur geloof te reageer.

### 6:7-8

Die dissipels word twee-twee as getuies uitgestuur (vgl. Deut. 17:6; 19:15) om mekaar te ondersteun, te bemoedig en die getuienis te bevestig. Hulle tree op met Jesus se gesag. In alle opsigte sal die mense vir hulle sorg. Daarom moes hulle die minimum saamneem.

### 6:11

Godvresende Jode het in daardie tyd die gewoonte gehad om die stof van hulle skoene af te skud na hulle deur ’n nie-Joodse gebied of stad moes reis. Daardeur het

hulle hulle sigbaar gedistansieer van alle onrein nie-Joodse invloede en gebruike. Die feit dat die dissipels dus hulle skoene moes afstof as hulle 'n nie-Joodse dorp of stad verlaat, het maar te duidelik aangetoon dat die mense van daardie plek geweier het om Jesus se boodskap te aanvaar. Jesus het die mense goed laat verstaan dat hulle sélf verantwoordelik was vir die manier waarop hulle op die evangelie reageer. Dit was dus nie die dissipels se skuld as ander mense die evangelie verwerp nie, mits hulle dit natuurlik getrou verkondig het. Is dit nie verskriklik nie: die Jode word soos heidene behandel omdat hulle hardnekkig weier om die evangelie te aanvaar.

### 6:15

Herodes wonder wie Jesus werklik is omdat hy soveel berigte oor Jesus se optrede gekry het, alhoewel hy Hom nog nie persoonlik ontmoet het nie. Jesus word verwar met Johannes die Doper, Elia of een van die ou profete. Hulle beskou Hom nog nie as die Messias nie.

### 6:17-19

Palestina was in vier gebiede verdeel. en elke gebied het onder die gesag van 'n "tetrarg" geval. Herodes Antipas, wat in die vier Evangelies "koning Herodes" genoem word, was in beheer van Galilea, en sy broer Filippus het oor Tragonitis en Idumea geheers.

Filippus was getroud met Herodias, maar sy het hom verlaat en met Herodes Antipas, sy halfbroer, getrou. Johannes het hulle van owerspel beskuldig (vgl. Lev. 18:16; 20:21) en Herodias het begin soek na 'n manier om Johannes dood te maak. Sy was dus nie bereid om enigiets aan haar sonde te doen nie, maar wou liewer die een wat dit in die openbaar bekend gemaak het, om die tewe bring. Dit was presies wat die geestelike leiers met Jesus wou doen.

### 6:20

Herodes het geswig onder die druk van sy vrou en raadgewers, en Johannes die Doper gevange laat neem. Hy hét respek gehad vir Johannes, maar hom uiteindelik onder die druk van sy familie en vriende laat dood maak.

## 6:22-23

Herodes was slegs 'n tetrarg in die Romeinse Ryk en kon dus nie sy koninkryk aan 'n opvolger van sy keuse nalaat of gee nie. Sy aanbod om die helfte van sy koninkryk vir Herodias se dogter te gee, was dus slegs 'n manier om te sê dat hy vir haar énigiets wat sy vra, sou gee (vgl. Est 5:3, 6; 7:2). As hy dus sou weier om haar versoek (dat sy Johannes se kop op 'n skinkbord wou hê) toe te staan, sou hy voor sy vriende in die verleentheid gestel word omdat hy dit met 'n eed bevestig het. Woorde is magtig en kan verreikende gevolge, en ook geweldige sonde tot gevolg hê. Daarom moet ons altyd versigtig wees wat ons onderneem (Spr. 29:20).

## 6:30

Die twaalf apostels kom terug. Markus gebruik die woord "apostels" net een keer. Die naam "apostel" verwys na iemand wat as gesant of sendeling met die gesag van sy Stuurder uitgaan. Na Jesus se dood en opstanding, het dit die amptelike naam vir §y dissipels geword (Hand 2:14; Ef. 2:20).

## 6:31

Jesus het die dissipels na 'n stil plek geneem om te gaan rus nadat hutte terug gekom het. Die bedoeling was sekerlik om evaluasie te doen oor elkeen se wedervaringe maar ook om van Jesus te leer en onderrig te word. Op so 'n wyse sou Jesus seker maak dat sy dissipels (apostels) toegerus die toekoms tegemoet gaan. Rus en verkwikking is ook 'n belangrike saak.

## 6:34

Hierdie skare mense het net so verlore soos skape sonder 'n wagter gelyk. Dit simboliseer ook die volk wat van God verwyder is. Skape kan maklik uitmekaar spat en daarom verkeer hulle altyd in gevaar as daar geen skaapwagter by hulle is nie. Jesus het geweet dat Hy die skaapwagter was wat vir hulle kon leer hoe om by God te bly en nie van Hom af weg te dwaal nie. Lees ook in Psalm 23; Jesaja 61:1 en Esegiël 34:5-10 die beskrywings van die goeie herder. Net soos die volk van die Here in die woestyn verwilderd was (soos skape sonder 'n herder), s6 roep die gesig wat Jesus voor Hom sien, dieselfde beeld op.

### 6:37

Die eerste vermeerdering van die brood. Verskeie mense het reeds volgens hierdie hoofstuk ondersoek ingestel na Jesus se lewe en bediening - mense soos koning Herodes, Jesus se bure en familie, asook die dissipels. Ten spyte daarvan, kon niemand egter deurdring om waarlik te verstaan wie Hy was nie. Die dissipels was nog onseker. verward en ongelowig. Hulle het nog steeds nie besef dat Jesus in hulle behoeftes kan voorsien nie. Hulle was trouens s6 verstrengel in hulle letterlike gedagtes oor die onmoontlike taak wat hulle moes gaan verrig, dat hulle nie eens die moontlike oplossing raak gesien het nie.

### 6:37-42

Om vir meer as 5 000 mense kos te gee, sou ten minste die dagloon van 200 persone gekos het. 'n Dagloon was net genoeg om 'n arbeider vir een dag van kos te voorsien. Slegs vyf ronde brode van ongeveer 15cm in deursnee word gevind. tesame met twee porsies vis. Maar Jesus tree op soos by 'n gewone feesmaal. Almal eet genoeg en twaalf klein handsak mandjies stukke bly nog oor. Die Messias voed sy volk met 'n feesmaal!

### 6:49

Die noordewind het die dissipels van koers af gedryf. Hulle was verbaas om Jesus op die water te sien loop. Hulle moes egter teen daardie tyd al besef het dat Hy hulle sou help as hulle in die moeilikheid is. Hulle kon Hom wel nie sien nie, maar Hy kon hulle nog altyd sien. Sy besorgdheid oor hulle was groter as hulle ongeloof. 6:50 Die feit dat Jesus by hulle was, het die bang dissipels laat kalmeer, Ons weet almal hoe dit is om bang te wees. Jesus wil Homself aan hulle openbaar as God wat mens geword het, Dit is die kern waarheid wat tot die dissipels moet deurdring. Jesus se teenwoordigheid laat die vrees dadelik verdwyn.

### 6:52

Daar was verskeie moontlike redes waarom die dissipels nog nie tot geloof kon kom nie. (1) Hulle kon nie aanvaar dat die mens met die naam Jesus, waarlik die Seun van God is nie; (2) dit was te goed om waar te wees dat die Messias juis hulle as sy volgelinge sou kies, of

(3) hulle kon nog nie die werklike doel met Jesus se koms na die wêreld verstaan nie. Hulle onvermoë om te begryp was volgens Markus se verhaal in werklikheid niks anders as ongeloof nie.
Hulle kon nog steeds nie glo dat Hy waarlik God se Seun is nie, selfs nie nadat Hy meer as 5 000 mense deur 'n wonderwerk kos gegee het nie. As hulle dlt aanvaar het, sou dit nie vir hulle snaaks gewees het om Hom op die water te sien loop nie. Hulle kon nie die dinge wat hulle reeds van Hom geweet het, op hulle eie lewens toepas nie. Ons lees ook dat Jesus op die water geloop het, en tog is ons dikwels verbaas oor die dinge wat Hy in ons lewe kan doen. Ons moet nie alleen glo dat die wonderwerke waarvan ons lees, regtig plaasgevind het nie, maar moet God God laat wees, ook in ons eie lewens.

### 6:53

Gennesaret was 'n klein dog vrugbare vlakte aan die westekant van die See van Galilea. Jesus se hoofkwartier, Kapernaum, was noord van hierdie vlakte en Tiberias aan die ander kant.

### 6:56

Die Joodse mans het gedurende daardie tyd lang jurke gedra wat tot by hulle enkels gehang het. Bo-oor die jurk het hulle nog 'n bokleed gedra wat tot by hulle middel gehang het. Daar was vier tossels aan die soom van die bokleed vasgemaak. Die mense het waarskynlik gedink dat Jesus se genesingskrag deur die tossels aan sy boklere "vrygestel" kon word (Matt 9:20. 21). Hulle het nie altyd besef dat genesing ook gepaard gaan met geloof in God en dat dit nié die een of ander toorkrag is nie. God gee genesing en die geneesde moet glo dat Jesus die Seun van God is.